Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 1 – 17 Januarie 2025

## WELKOM TERUG




## WINKELURE





## LYNNIES BIDGROEP

**BID VIR LYNNIES**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**




## d6



## OUERLEIDING

waardevol

### Jy is nie volmaak nie, maar jy is waardevol

15 Januarie - Opgewonde graad eens met splinter-nuwe, kraakvars uniforms stroom by Lynnies se hekke in en ouer kinders is verheug om hul maats te sien. Die vakansie was lank en lekker en daar is baie stories om te vertel.

Almal is reg om die jaar met albei hande aan te gryp en 2025 se storie op 'n nuwe bladsy te begin. Meneer Steve se oorkoepelende boodskap aan Lynnies personeel en kinders is:
***"Jy is nie volmaak nie, maar jy is waardevol."***

Dis belangrik om reeds van die heel begin af belangrike gesprekke met jou kind te hê oor skool en die belangrike boodskap van waarde ook tuis uit te leef.

<u>'n Ouer gee raad op sosiale media</u>:
Verduidelik dat om baie lank, kort, mollig, maer, swart of wit geen grap is nie.
Dat daar niks mee fout is om elke dag dieselfde skoene te dra nie.
Verduidelik aan hulle dat 'n gebruikte skooltas dieselfde drome as 'n nuwe een dra.
Leer hulle om nie iemand uit te sluit omdat hulle "anders" is of nie dieselfde geleenthede as ander het nie.
Verduidelik dat om iemand te terg maak seer...en dat hulle skool toe gaan om te LEER, NIE om mee te ding nie. EK EN JY HET DIESELFDE WAARDE!
ONDERWYS BEGIN BY DIE HUIS...

Dis *BY DIE HUIS* wat kinders moet leer om te sê:
1) Goeiemôre
2) Goeiemiddag
3) Goeienaand
4) Asseblief
5) Met ma/pa se toestemming
6) Jammer
7) Vergewe my
8) Baie dankie
9) Dankie
10) Ek was verkeerd

Dis *BY DIE HUIS* wat ons ook leer om:
1) Eerlik te wees
2) Betyds te wees
3) Nie te beledig nie
4) Beleefd te wees
5) Respekteer almal: vriende, kollegas, onderwysers en owerhede

Steeds *BY DIE HUIS* leer ons om:
1) Alles te eet
2) Moenie met jou mond vol kos praat nie
3) Persoonlike higiëne
4) Moenie rommel op die grond gooi nie
5) Help ouers met hul daaglikse take
6) Moenie vat wat nie aan jou behoort nie
7) Wees tevrede met wat jy het
8) Werk eerlik om 'n bestaan te verdien
9) Trek met beskeidenheid aan

*BY DIE HUIS* leer ons steeds om:
1) Georganiseerd te wees
2) Sorg vir jou besittings
3) Moenie ander mense se besittings vat nie.
4) Respekteer die reëls
5) Praat jou moedertaal(e), bemeester jou kultuur en spiritualiteit

Want *OP SKOOL* moet onderwysers onderrig gee in:
- Afrikaans
- Engels
- Wiskunde
- Lewensvaardigheid
- Skeppende Kunste
- Liggaamlike opvoeding
- Sport- en Kultuuraktiwiteite


Ons versterk net wat die leerder geleer het *BY DIE HUIS*!

Want dit is uit wat ons *BY DIE HUIS* geleer het dat die individu gerespekteer sal word, dat hy die lewe sal respekteer"….. en dat ons nie volmaak is nie, maar ons is elkeen waardevol.

**Ons is nie volmaak nie, maar ons is elkeen . . .**

waardevol

# DAMESOGGEND 2025








# DAGBESTUUR

**Die Dagbestuur het hul eerste TBi opleiding gehad, waar groepwerk en breinkwadrante bespreek was.**









## SPORT

### KRIEKET

| Ouderdomsgroep | Groepafrigting - oefentye |
|---|---|
| *O/13's en O/12's* | *Maandae 16:15 – 17:45* |
| *O/11's, O/10's en O/ 9's* | *Dinsdae van 16:15 – 17:45* |
| *O/ 8's en O/7's (Hele jaar)* | *Dinsdae en Donderdae van 13:15 – 14:30* |
| *Graad R'e (Hele jaar)* | *Donderdae 12:15 – 13:00 Oggende van 07:00 – 08:00 in klasverband*<br>• Maandag – Hadedaklas<br>• Dinsdag - Loerieklas<br>• Woensdag – Houtkapperklas<br>• Donderdag – Mossieklas<br>• Vrydag – Kwikstertjieklas. |
| *Graad RR'e (Hele jaar)* | *Dinsdae en Donderdae 10:45 – 11:45* |
| *Dogterskrieket* | *Woensdae 16:30 -17:30 en Vrydae oggende 06:00 – 07:30* |

Inskrywingsvorm:
Volg die skakel om u seun in te skryf:
https://form.jotform.com/243223442870553

Whatsapp-groepe:
Graad RR
https://chat.whatsapp.com/IpRjcB2IjFe0NrrpSb2GNf

Graad R
https://chat.whatsapp.com/IqGx4L5BvRhE7omgWXaaPm

Graad 1
https://chat.whatsapp.com/EzslZpjRvRQ0RpPxkFgREB

Graad 2
https://chat.whatsapp.com/IoCWwpHFaNQDRYMHeXA8Se

Graad 3
https://chat.whatsapp.com/J32joIoepRC7zolx6oFGeP

Graad 4
https://chat.whatsapp.com/E9QuQvBvXeH7oFLS3y78Ih

Graad 5
https://chat.whatsapp.com/LFXTbPKqpGw07DFszMRQdq

Graad 6
https://chat.whatsapp.com/JY88pPBpw3C0bDF8BeHq4v

Graad 7
https://chat.whatsapp.com/93vvjTewANJ0bsEr787rhG

Dogterskrieket
https://chat.whatsapp.com/GDPBtu8dj72G6v0maHjmN9

## KULTUUR

### REDENAARS

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor. Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

### ATKV 2025

*Onthou uitdunne vind vroeg in 2025 plaas. Hou asseblief verdere kommunikasie dop!*

**TEMAS** Graad 1 – 3: Klei, Stem, Beweeg
Graad 4 – 5: Streep, Resep, Vloek
Graad 6 – 7: Kits, Spiraal, Ritme

**REDENAARGEDAGTE VIR DIE WEEK**

*"A team is not a group of people that work together. A team is 'n group of people that trust each other."*
Whitey Basson


### JUNIORKOOR

Indien u nog nie deel van die WhatsApp-groepie is nie, volg asseblief die volgende skakel:
https://chat.whatsapp.com/JZ73DR7SU650h8QYzNFQ1P

**KUNSTE AKADEMIE**

Die Kunste Akademie dosente sien uit na 'n jaar van pret en verryking! Ons bied kuns, moderne dans, hip-hop, drama, ballet, klavier, viool, kitaar, blokfluit en musiekteorie aan.  Dit vind op die skoolterrein plaas.

Kontak gerus een van ons topgehalte dosente om u kind in te skryf, of kontak die Kunste Akademie bestuurder, Carli Devenish, op carlidevenish@gmail.com. Meer inligting op d6 beskikbaar.




## PERSONEEL

**VERJAARSDAE**

**JANUARIE**

| | |
|---|---|
| 17 | Andries Roux (o/w) |
| 19 | Christiane Rencken (o/w) |
| 21 | Ricke-mari Kock (pre-prim) |
| 26 | Mignon Jordaan (naskool) |
| 27 | Daleen du Plessis (o/w) |
| 29 | Hester Wandrag (pre-prim) + Elzanne Botha (admin) |



## 2025 INDIVIDUELE FOTO'S





## SKOOLKWARTALE

**2025**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1: | 15 Januarie tot 28 Maart |
| Kwartaal 2: | 8 April tot 27 Junie |
| Kwartaal 3: | 22 Julie tot 3 Oktober |
| Kwartaal 4: | 13 Oktober tot 10 Desember |

**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**


Tennis Afrigting vir die
JONGSPAN 2025
30 Jaar Ondervinding
Spesialiseer in alle vlakke
- Individuele lesse
(persoonlike aandag)
Chris Linford
082 850 4558
Weeklikse half uur of 45 min. lesse
Waar: Menlo Park Tennis Klub (Oorkant Menlo Park Laerskool)
Oggendtye beskikbaar vir volwassenes
Laat Tennis Hulle Lewe Verryk


Groot Boks Groot Idees
BIG BOX
Stoor 3m, 6m,12m
Kantoor 3m, 6m,12m
Verkoeling 6m,12m
bigbox.co.za 0861 44 74 74